Volta à Bíblia

Mantém os teus olhos em Jesus - Heb 12:2

Centro de Formação

# Knie-werk sake…

Junie 2014

Terugvoer: Die huweliks kursus het baie goed afgeloop. Daar word gereeld nog aangehaal uit die klasse – 'n teken dat die kennis hart toe gegaan het.



Mateus & Pita vorder ook fluks met die Eksodus klasse.

Nuwe versoeke: Bid vir die studente wat eersdaags op hulle eerste breuk huis toe sal gaan. Hulle moet as deel van tuis studie 'n kinderevangelisasie groep begin, elke week 'n debatsgeleentheid reël en 'n dissipelskap groep begelei. Bid dat hulle sal ervaar dat die Here deur sy Gees veel meer kan doen as wat hulle kan bid of dink.




Carol het weer begin met Engelse klasse: Saterdae met 'n klompie kinders van personeel en studente en Dinsdae middae met die studente en personeel. Daar word baie gretig geleer. Bid dat God se koninkryk ook hierdeur gebou sal word.



Twee van ons oud studente, Sinolencio Mandlate en Armando Manusse, het op versoek van 'n boer in die Maputo provinsie op sy plaas begin werk. Een is as kapelaan aangestel en werk elke dag saam met die werkers om verhoudings te bou terwyl die ander in die proses is om met die administratiewe take te help. Bid dat hierdie oop deur veel vrug sal dra in God se koninkryk. Ons hoor reeds mooi berigte van vrugbare werk in die gemeenskap. Bid asb. vir opbouende

verhoudings tussen die boer en sy seuns en die twee manne.

Elke aand hou ons huisgodsdiens op die werf. Die kinders kry elkeen ook ’n kans om iets te deel wat hulle gehoor het. Daniel is een van hulle (Pedro Cossa se seun). Sondag verby het die pastor hom gevra om die skriflesing en gebed te doen – uitstekend! Ons bly verbaas dankbaar oor hoeveel groei daar by die kinders is. Bid dat die aandgodsdienste blywende vrug sal dra.



Bid asb. ook vir Daniel. Die sleepwa met meer as ’n ton se sand het gister op sy voet geval. Ons het vandag laat X-trale neem en sal more ’n dokter gaan soek wat dit kan interpreteer. Dit sal ’n wonderwerk wees as niks gebreek is nie (5 mans kon beswaarlik die wa genoeg lig om die voet uit te kry)



Vir die wat wonder wat ons vir gesonde ontspanning deesdae doen… so lyk die gym die jaar (die nuwe badkamer blok vir die mans). Ons het hierdie week die fondasies begin grawe en hoop om die dak op te he voor die einde van Julie.

Dankie vir julle liefde en gebede!

Seënwense
Willem & Carol